

HOOFSTUK 7

Volharding en lewe na die dood

1. Inleiding

Die volharding van die heiliges/ware gelowiges is een van die fundamentele leerstukke wat 'n waterskeiding tussen kerke maak.

- Kerke wat Skrifgetrou is, aanvaar die versekeringe van die Skrif **dat die ware gelowige nooit verlore sal gaan nie**.
- Die gelowige kan dus op God se beloftes vertrou en sonder vrees die dood tegemoet gaan.
- Dit is dieselfde kerke wat staan op die **uitverkiesing uit vrye genade** sonder inagneming van die mens se verdienste.

Dwaalkerke leer onder andere die volgende:

- Hulle let op die swakheid van die mens maar wil ook op sy voortreflikheid wys en meen dat alles van die mens se eie vermoëns afhang.
- Hulle gee te kenne dat selfs ware gelowiges nooit werklik seker daarvan kan wees dat hulle endit gered sal bly nie.
- Die mens moet dus tot die einde toe onseker oor sy redding bly.
- Hulle meen ook dat die mens se verdienste die deurslag gee by die bepaling van sy saligheid.

1.1 Die ware geloof kan nooit verloor word nie.

- Die ware gelowige kan nooit uit die genade van God uitval nie.
- Die genadewerking van die Heilige Gees in die hart van die gelowige bly voortgaan tot die einde toe – Johannes 10:28, 29; Romeine 11:29; Filippense 1:6; 2 Tessalonisense 3:3; 2 Timoteus 1:12, 4:18.
- Eenmaal 'n kind van God, altyd 'n kind van God.
- Die ware gelowige kan dus nie een dag 'n uitverkorene wees en die volgende dag verlore gaan nie.

1.2 Elke gelowige sal salig word – deur die genade, maar hy het ook 'n verantwoordelikheid in die saak:

- Die uitverkorene het die roeping om te glo, om te volhard, en baie hard te stry teen die versoeking en die sonde.
- Hy moet sy geloof handhaaf te midde van teenkating en verleiding.
- Hy moet gerig wees op die nou poort, nie die breë weg van wêreldsheid nie – Lukas 13:24.

1.3 Die volharding

- Volharding beteken nie dat die gelowiges in hierdie lewe sondeloos word of is nie.
- Hulle kan nog in sware sondes verval en God daardeur bedroef, bv. Dawid en Batseba se sonde.
- Deur God se genade kom sulke mense egter weer tot berou en bekering.
- Hulle bly nie voortleef in hul sondes nie, al neem dit – menslik gesproke – lank vir hulle om tot inkeer te kom. Vergelyk die verlore seun.

1.4 Geen gelowige hoef ooit te twyfel oor sy saligheid nie.

- Wat God in sy Woord belowe, dit doen Hy.
- Hy het aan ons – gelowiges verlossing belowe.
- Hy het dit reeds bewerk in Christus.

MAAR: Dit beteken hoegenaamd nie dat gelowiges onverskillig mag word en hulle

verantwoordelikhede verwaarloos nie. Hulle moet immers in die gebed en strewende na gehoorsaamheid volhard. Afvalligheid kan bewys dat daar eintlik geen werklike of ware geloof was nie maar net 'n oppervlakkige skyn daarvan, soos die saad wat tussen die rotse beland het.

1.5 Die sekerheid van ons verlossing is nie op ons eie verdienste gegrond nie maar in die almag van God, soos geopenbaar in Jesus se oorwinning oor die dood en die onveranderlikheid van sy raadsplan en sy liefde vir ons.

1.6 Die volgende samevatting uit Bavinck se werk: *Gereformeerde Dogmatiek* bied 'n kort beskrywing van hoe die Here sy genade oor die gelowiges laat geld:

Die Vader het die gelowiges in Christus:

- nog voor die skepping van die wêreld uitverkies – Efesiërs 1:4;
- hulle tot die ewige lewe verordineer – Handeling 13:48; en
- hulle tot die beeld van sy Seun gekonformeer – Romeine 8:29.

Hierdie uitverkiesing is onveranderlik – Romeine 9:11 en Hebreërs 6:17 – en mettertyd bring dit mee:

- die roeping – o.a. Matteus 22:2-14; 1 Korintiërs 1:23-24; Romeine 10:14-17;
- regverdigmaking – Psalm 103:12; Jesaja 44:22; Romeine 8:1-2; 8:32-33; en
- verheerliking – Romeine 8:39; Kolossense 3:4.

Christus:

- in wie al God se beloftes ja en amen is – 1 Korintiërs 1:20;
- het gesterf vir almal wat die Vader aan Hom gegee het – Johannes 17:6,12;
- sodat Hy aan hulle die ewige lewe kan skenk en nie een van hulle sal verloor nie – Johannes 6:39 en 10:28.

Die Heilige Gees wat hulle wederbaar:

- bly ewig by en in hulle – Johannes 14:16; 1 Johannes 2:27, ens; en
- verseël hulle tot die dag van verlossing – Efesiërs 4:30.

Die genadeverbond:

- staan vas en seker, en is met 'n eed bevestig – Hebreërs 6:16-18; 13:20;
- so bindend soos die huweliksband – Efesiërs 5:31-32 – en 'n testament – Hebreërs 9:17.

Op grond van daardie verbond:

- roep God sy uitverkorenes;
- skryf sy wet in hulle harte; en
- stel ook ontsag vir Hom daar – Hebreërs 8:10 en 10:14 e.v.

God:

- laat nie toe dat hulle versoek word bo hulle vermoë om weerstand te bied nie – 1 Korintiërs 10:13;
- bevestig en voltooi die goeie werk wat Hy in hulle begin het – 1 Korintiërs 1:9 en Filippense 1:6; en
- bewaar hulle vir die toekoms in Christus, sodat hulle deelgenote kan word van die hemelse erfenis – 1 Tessalonisense. 5:23 en 1 Petrus 1:4-5.

As gevolg van sy tussentrede om ons ontwil by die Vader; bly Christus voortdurend aktief ten behoeve van die gelowiges, sodat:

- hulle geloof kan standhou – Lukas 22:32;

- hulle van die bese in die wêreld bewaar kan bly – Johannes 17:11, 20;
- hulle volkome gered kan word – Hebreërs 7:25;
- vergifnis van hulle sondes kan ontvang – 1 Johannes 2:1; en
- eendag almal met Hom kan wees en sy heerlikheid kan aanskou – Johannes 17:24.

Die genadegawes wat hulle deur die werking van die Heilige Gees in Christus ontvang, is onberoulik – Romeine 11:29; en is onderling en onafskeidbaar verbonde en saamgeweef.

- Hy wat geroep word, word geregtig en verheerlik – Romeine 8:30.
- Hy wat as kind van God ontvang word, erf die ewige lewe – Romeine 8:17 en Galasiërs 4:7.
- Hy wat glo, het onmiddellik deel aan die ewige lewe – Johannes 3:16.

En daardie lewe, omdat dit ewig is, kan nie verloor word nie; is 'n lewe wat nie aan die sonde verslaaf is nie – 1 Johannes 3:9; en kan nie sterwe nie – Johannes 11:25-26.

Die verloop van God se bemoeienis met die uitverkorenes begin dus by die uitverkiesing uit genade alleen en duur voort tot en met die totstandkoming van die Nuwe Jerusalem. Die volharding van die gelowiges verseker ons dat, deur die genade van God, nie een van die gelowiges ooit langs die pad sal uitval nie.

- Die ware geloof kan nooit verloor word nie. Die ware gelowige kan nooit uit die genade van God uitval nie – Johannes 10:28. Die ware gelowige kan dus nie een dag 'n uitverkorene wees en die volgende dag weer iemand wat verlore gaan nie.
- Elke uitverkorene sal salig word, maar hy het ook 'n verantwoordelikheid in die saak. Die uitverkorene het die roeping om te glo, te volhard en om baie hard te stry, sodat hy deur die nou poort kan ingaan – Lukas 13:24.
- Die volharding beteken nie dat die gelowiges sondeloos word – of is in hierdie lewe nie. Hulle kan nog altyd in swaar sondes verval en God daardeur bedroef. 'n Voorbeeld hiervan is Dawid en Batseba se sonde. Maar deur God se genade kom sulke mense – soos Dawid en Batseba – altyd weer tot berou en bekering.
- Geen gelowige hoef te twyfel oor sy saligheid nie. Wat God in sy Woord beloof, dit doen Hy. Hy het aan ons verlossing beloof. Hy het dit ook reeds bewerk in Christus.
- Die sekerheid van ons verlossing berus op die almag van God, soos geopenbaar in Jesus se oorwinning oor die dood en in die onveranderlikheid van sy raadsplan en sy liefde vir ons.

2. Die hiernamaals – opstanding uit die dood en die lewe daarna

2.1 Onder die hiernamaals word die **voleinding** verstaan.

- Die volle saligheid van die hiernamaals begin op die dag van Christus se wederkoms. Die plek waar die voleinding plaasvind, is die Koninkryk van God.
- In beginsel ontvang die ware gelowige die ewige lewe reeds op die aarde, want Christus het reeds die dood oorwin en tans maak Hy vir die ware gelowiges plek gereed om by Hom te kan wees.
- Waar is die hemel of die hel? Ons weet nie. God sal dit openbaar wanneer dit nodig is om dit te weet.

2.2 Daar is geen bekering na die dood moontlik nie.

- Vergelyk die gelykenis van die ryk man en Lasarus.
- Dit is verskriklik vir die ongelowiges om dit te weet, want hulle gaan opgewek word om vir ewig in die hel te lewe (Johannes 5:24, 25).

2.3 Die dood

Om dood te gaan is 'n diep misterie. Sonder die Bybel kan ons die dood van 'n mens nie verklaar nie.

- Ons dink gewoonlik aan die dood as 'n dwingende natuurlike proses, maar dis nie so nie – al lyk dit die meeste van die kere so.
- Ons sterf nie omdat ons nie langer kan lewe nie. Ons sterf omdat God ons lewe beëindig.
- Die Bybel beskryf hierdie daad van God met die woordjie **bestem**:

Hebreërs 9:27-28: *“En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.”* (AFR53)

Die woord **bestem** beteken ook nie dat dit nou maar die lot van mense is om 'n tyd lank hier op die aarde te wees, en dan deur die dood weer agter die gordyn van die onsienlike wêreld in weg te raak nie.

- Dit beteken dat dit die daad van God is waarmee Hy ons oproep om uit hierdie lewe uit voor sy Regterstoel te verskyn om geoordeel te word.
- Die hele sin dui daarop dat dit dan in God se Raadsplan tyd is om gevonniss te word.
- **NB:** Die aangehaalde vers uit Hebreërs 9 rond die vonnis af deur aan te kondig dat die gelowiges dan in Christus vrypraak kry.

Vergelyk ook:

Daniël 12:2: *“En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot sinnedadigheid, vir ewig afgrysig.”* (AFR1953)

Matteus 25:46: *“En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.”* (AFR1953)

Lukas 10:25: *“En daar het 'n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?”* (AFR1953)

Johannes 3:16: *“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”* (AFR1953)

Johannes 6:40: *“En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.”* (AFR1953)

Die oomblik van die dood is die oomblik van skeiding. Die Here het Adam se liggaam van grond gemaak en daarna die lewe in hom ingeblaas. Die Bybel noem dit dat God **gees oorgehad het** om meer mense te kon maak as Hy wou. Daarmee openbaar die Bybel dat die mens sy siel direk van God af kry.

Maleagi 2:15: *“Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek.”* (AFR1953)

Ons mense bestaan dus uit twee komponente:

- Ons liggaam en
- ons siel

NB: Die siel nie 'n hoër orde en die liggaam 'n laer orde (stoflike oorskot) – volgens die ou Griekse filosofie – nie. My liggaam en siel is onderskeibaar, maar nie skeibaar nie. Al twee is vir God ewe heilig en ewe dierbaar. Daarom word my liggaam met die wederkoms weer opgewek en met my siel verenig.

Met die dood word hierdie twee bestanddele van my menswees tydelik uitmekaargeskeur.

- My siel is onsterflik en lewe ewig.
 - My siel gaan onmiddellik na die bestemde adres toe (Lukas 16:21vv; Openbaring 6:9; Moses

en Elia op die berg – Matteus 17:3; Lukas 23:43).

Openbaring 6:9: *“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het.”* (AFR1953)

Matteus 17:3: *“En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elia in gesprek met Hom.”* (AFR1953)

Lukas 23:43: *“En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.”* (AFR1953)

- Daarom het hy die hoop op die ewige lewe (Psalm 16:9; Daniel 12:2 oor die opstanding).

Psalm 16:9: *“Daarom is my hart bly en my eer juig; ook sal my vlees in veiligheid woon;”* (AFR1953)

- Die Bybel leer dat die mens die oomblik wanneer hy op die aarde sterf, dadelik na sy ewige huis gaan (Prediker 12:5b; Psalm 73:24; Lukas 16:19-31; Lukas 23:43). Met ander woorde, wanneer die mens sterf, is hy dadelik in die hemel of die hel.
- My liggaam volg tydelik ’n ander pad – dit ontbind totdat die Here dit op sy bevel herstel met die wederkoms (Openbaring 20:5, 12, 13).

Openbaring 20:5: *“En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.”* (AFR1953)

Openbaring 20:12-13: *“En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en ’n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.”* (AFR1953)

- Wat gebeur met ons ontbinde liggame? Hulle word almal op die dag van Jesus Christus se wederkoms weer deur Christus se krag opgewek (1 Korintiërs 15; Openbaring 20:13).
- Na die opwekking van die liggame by die wederkoms sal ons liggame volmaak en verheerlik wees. Ons liggame sal dan deur die Heilige Gees geskik gemaak word vir die ewige saligheid.

Voor die skepping het die Here reeds sy Raad vasgestel wat bepaal wie die mense almal is wat in die geskiedenis sou lewe, en ook wie van hulle deur Hom uitverkies is om vir ewig in sy hiernamaalse koninkryk te lewe. Hierdie mense word almal in Christus geheilig.

Efesiërs 1:4-6: *“... soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.”* (AFR53)

In hierdie oomblik wanneer ’n mens dus sterf, word die tydelike en die ewige dood van die betrokke mens deur die oordeel van God, soos dit in sy Raad bepaal is, voltrek (tot uitvoering gebring).

2.4 En nou? Die oomblik van waarheid!

Prediker 12:6-7: *“Voordat die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruik stukkend val en die kruik by die fontein gebreek word en die wiel stukkend in die put val en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.”* (AFR1953)

Die gedeelte onderstreep die onsterflikheid van die mens. Wanneer ons sterf, gaan ons gees terug na God wat dit gegee het!

Nadat ons gesterf het, leef en bestaan ons steeds – maar dan bestaan ons onliggaamlik. Met ander woorde, dan bestaan ons suiwer geestelik. Sien hiervoor:

1 Korintiërs 15:36-49: *“Dwase mens! Wat jy saai, word nie lewendig as dit nie gesterf het nie. En wat jy saai – jy saai nie die liggaam wat sal word nie, maar ’n blote korrel, byvoorbeeld van koring*

of van iets anders. Maar God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het, en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam. Alle vlees is nie dieselfde vlees nie, maar die vlees van mense is anders as die vlees van vee, en dié van visse anders as dié van voëls. En daar is hemelse liggame en aardse liggame; maar die heerlijkheid van die hemelse is anders as dié van die aardse. Anders is die heerlijkheid van die son en anders die heerlijkheid van die maan en anders die heerlijkheid van die sterre; want die een ster verskil in heerlijkheid van die ander ster. So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlijkheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam. So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel. Soos die aardse mens was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense. En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra." (AFR1953)

So sal ons bestaan totdat die wederkoms aanbreek wanneer ons met liggaam en siel verenig en herskep word.

Op daardie oomblik wanneer ons sterf, staan ons in die gerig voor God. Sien hiervoor:

Sagaria 3:1-4: "Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae. Toe sê die HERE aan die Satan: Mag die HERE jou bestraf, o Satan! Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie? En Josua was beklee met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan. Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere." (AFR53)

Openbaring 20:12: "En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke." (AFR1953)

Ons sterf nie as volmaaktes nie. Ons staan voor God in ons sondes:

Matteus 10:26-28: "Vrees hulle dan nie; want daar is niks bedek wat nie ontdek sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie. Wat Ek vir julle in die donker sê, vertel dit in die lig; en wat julle in die oor hoor, verkondig dit op die dakke. En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." (AFR1953)

Maar ons word dan ook nie tot in die hel toe veroordeel nie, omdat ons in Christus vrygespreek sal word.

"Ek skryf aan julle, my kinders, omdat die sondes julle vergewe is om sy Naam ontwil." (1 Johannes 2:12 AFR53)

"En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het." (Romeine 5:11 AFR53)

"En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou." (2 Korintiërs 5:18-19 AFR53)

"En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld." (1 Johannes 2:2 AFR53)

"Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes." (1 Johannes 4:10 AFR53)

2.5 Hoe sal die lewe daar Oorkant wees?

In beginsel ontvang die ware gelowige die ewige lewe reeds op die aarde, want Christus het reeds die dood oorwin en tans maak Hy vir die ware gelowiges plek gereed om by Hom te kan wees.

In die hemel doen niemand meer sonde nie. Daar trou mense ook nie weer nie. Daar sal geen siekte of armoede wees nie. Alles is absoluut volmaak

Op die Nuwe Aarde sal alles wees soos hier – net volmaak. Dit sal wees soos wat die Here die skepping bedoel het om te wees voordat die sondeval gebeur het.

Die Bybel gee die volgende beskrywing:

- Dan (in die hiernamaals – ná die eindoordeel) wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar,
- en 'n klein seuntjie sal hulle aanja.
 - Met ander woorde die lewe gaan aan soos ons dit ken, maar met die verskil dat daar volmaakte harmonie is tussen die mense en die diere – en ook tussen die diere wat in hierdie bedeling nie met mekaar kon klaarkom nie, of mekaar opgevreet het.

Jesaja 11:6: *“Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja.”* (AFR53)

- Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk.

Jesaja 11:7-9: *“Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek.”* (AFR53)

- Die eetgewoontes van die diere en die mense word weer soos die Here dit bedoel het voor die sondeval. Vergelyk die volgende:

Genesis 2:9: *“En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.”* (AFR53)

Genesis 2:16: *“En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet,”* (AFR53)

Openbaring 2:7: *“Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.”* (AFR53)

Openbaring 2:17: *“Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.”* (AFR53)

- (Op die Nuwe Aarde sal . . .) **“Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie;”**

- Niemand – nie mense of diere – doen daar iets verkeerd nie. In die hemel doen niemand meer sonde nie. Almal doen net wat reg is

Jesaja 11:9b: *“. . . want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek.”* (AFR53)

- Ons kennis sal in die hiernamaals volmaak wees. Vergelyk hiervoor:

1 Korintiërs 13:12: *“Want nou sien ons deur ’n spieël in ’n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.”* (AFR53)

Jesaja 11:1-12: *“Maar daar sal ’n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en ’n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE. En Hy het ’n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie; maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak. En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees. Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en ’n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van ’n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van ’n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek. En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as ’n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees. En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sinear en Hamat en uit die kuslande van die see; en Hy sal ’n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.”* (AFR53)
- In die hiernamaals trou mense ook nie weer nie.

Matteus 22:30: *“Want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel.”* (AFR53)

Markus 12:25: *“Want wanneer hulle uit die dode opstaan, trou hulle nie en word hulle nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele wat in die hemele is.”* (AFR53)

Lukas 20:34-35: *“Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Die kinders van hierdie eeu trou en word in die huwelik uitgegee; maar die wat waardig geag word om daardie eeu en die opstanding uit die dode te verkry, trou nie en word nie in die huwelik uitgegee nie.”* (AFR53)
- Daar sal geen siekte of armoede wees nie. Alles is absoluut volmaak.

Openbaring 7:16: *“Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;”* (AFR53)

Openbaring 21:4: *“En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweën en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.”* (AFR53)
- In die hiernamaals bestaan tyd nie meer nie.

Openbaring 10:6: *“... en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie;”* (AFR53)
- Ons sal die Here dag en nag aanbid en ons sal nog steeds liturgiese handeling hê.

Openbaring 11:19: *“En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.”* (AFR53)

Openbaring 7:15: *“Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.”* (AFR53)

Openbaring 22:3: “En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.” (AFR53)

Openbaring 15:3: “En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!” (AFR53)

- In die hiernamaals ervaar ons nie ons werk as druk of spanning nie.

Openbaring 14:13: “En ek het ’n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.” (AFR53)

Openbaring 22:3: “En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.” (AFR53)

- In die hiernamaals is dit vir ewig een ligdag omdat God se heerlikheid die lig gee.

Openbaring 22:5: “En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.” (AFR53)

3. Wat bely ons?

3.1 NGB artikel 37

Die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe

Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dat sal hulle volle verlossing voltooi word en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolgd, verdruk en gekwel het. Maar die goddeloses sal deur die getuienis van hulle eie gewete tot erkenning van hulle skuld gebring word; hulle sal onsterflik word dog slegs om gepynig te word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is (Matt 25:41). Die gelowiges en uitverkorenes, daarenteen, sal met heerlikheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam voor God, sy Vader (Matt 10:23) en sy uitverkore engele bely; alle trane sal van hulle oë afgevee word (Op 21:4). Dan sal dit bekend word dat hulle saak, wat tans deur baie regters en owerhede as kettters en goddeloos veroordeel word, die saak van die Seun van God is. En as ’n beloning uit genade sal die Here self hulle so ’n heerlikheid gee as wat die hart van ’n mens nooit sou kon bedink nie. Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet.

3.2 Heidelbergse Kategismus

Vraag 57: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (b).

(a) Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23. (b) Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21.

Vraag 58: Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?

Antwoord: Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar (a), ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit – ’n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie – om God daarin ewig te prys (b).

(a) 2 Kor 5:2, 3. (b) 1 Kor 2:9.

4. Betekenis van gees en siel en liggaam

“En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!” (1 Tessalonisense 5:23 AFR53)

“Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ’n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.” (Hebreërs 4:12 AFR53)

“En nadat hy sy gesprek met Saul beëindig het, het die siel van Jónatan verkleef geraak aan die siel van Dawid, en Jónatan het hom liefgekry soos sy eie siel.” (1 Samuel 18:1 AFR53)

Dit gaan oor die uitdrukking **gees, siel en liggaam**.

Die uitdrukking bedoel niks meer nie as om die volledige mens aan te dui. Daarmee sê die Here dat Hy van jou volle menswees praat: Elke deel daarvan.

Verskillende teoloë het probeer om dit beter te verklaar. Calvyn skryf byvoorbeeld dat die siel van die mens twee onderskeibare komponente in hom het (NB nie skeibaar nie!):

- **gees** is die intellek van die mens
- **siel** is dit in die mens wat kan wil en begeer, ens.

Martin Luther se verklaring is byna dieselfde.

- Hy verklaar dat die **gees** die hoogste, diepste en edelste deel van die mens is. Dit is die deel van die mens wat die onbegryplike, onsigbare en ewige dinge bevat.
- Die **siel** is dieselfde as die **gees**, maar dit beskryf ’n ander werksaamheid: dit is dit wat lewe en wat die hele liggaam lewend deurtrek.
- Luther maak die opmerking dat die gees sonder die liggaam kan lewe, maar die liggaam kan nie sonder die gees lewe nie.

5. **Wat beteken doderyk?**

Die woord sje’ool het verskillende betekenisse: Die oorspronklike betekenis van die woord is: *diepte, put, kuil*. Aangepas beteken dit beteken dit: *plek van dooies, doodsmag, die dood self, die hel*.

NB. Die woord word altyd in ’n ongunstige sin verstaan. Dit het nooit ’n positiewe betekenis nie.

- Soms beteken dit gewoonweg **dood**, soos in:

Genesis 37:35: *“En al sy seuns en al sy dogters het moeite gedoen om hom te troos, maar hy het geweier om hom te laat troos en gesê: Nee, treurende sal ek na my seun in die doderyk afdaal! So het sy vader hom dan beweën.” (AFR53)*

- Soms word die wrede mag van die dood bedoel:

Handelinge 2:31: *“het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie.” (AFR53)*

- Soms beteken dit die versameling van die dooies: die wat tot die dode behoort:

Jesaja 14:9: *“Die doderyk daaronder is in beroering om jou ontwil, jou koms tegemoet; dit wek om jou ontwil die skimme op, al die bokke van die aarde; dit laat al die konings van die nasies van hulle trone opstaan.” (AFR53)*

- Ander kere bedoel dit die plek (die hel) waar die dooies hulle bevind:

Prediker 9:10: *“Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie.” (AFR53)*